# 6 Julie 2023 - Lesing 67 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die ware kerk - Sektes - Die werksaamheid van die gees – 24/3/58

**NO: 7072** Die feit dat daar soveel geestelike- of geloofsrigtings bestaan en dat die mense meestal sonder hulle eie wil daarin opgeneem word, sou julle mense aan die dink moet sit. Nie die wil van die kind bepaal in watter geloofsrigting hy "gebore" is nie en dus is dit in 'n sekere sin geen **eie verdienste of die eie skuld** van die mens om in 'n bepaalde geloofsrigting opgevoed te word nie.

En sou die een of ander geloofsrigting nou die "alleen saligmakende" wees; sou dit die een of ander wees, wat vir God alleen die korrekte is, of aan Hom welgevallig is, dan sou die mense wat in ander geestesrigtings beland het, hulleself met reg vanuit God benadeel kan voel, **omdat die "ware kerk" van hulle weerhou is deur hul geboorte**. Maar dit is glad nie so nie en geen mens kan sonder eie toedoen tot die waarheid kom nie en dit is wederom **glad nie van belang in watter geloofsrigting hy deur sy geboorte beland het nie.**

Want elke mens moet **self** tot die lig van die waarheid deurdring. En net so is dit verseker dat die Waarheid Haarself nie deur opvoeding sal laat inprent nie, solank as wat die mens in homself nie die korrekte basis vergader het waarin die waarheid kan wortelskiet om nou sy eiendom te word en te bly nie. Maar die bogenoemde feit sou ook alle mense te denke moet gee, wat op hulle lidmaatskap van 'n bepaalde geestelike rigting roem en homself beskou as "wandelend in die waarheid".

**Dit is 'n arrogante gedagte om te glo dat hy die voorreg het om die hemelryk te besit.**

Maar baie mense het hierdie aanmatigende gedagte, want alle sekte-aanhangers is volkome daarvan oortuig dat hulle die enigste waarheid besit.

En tog het hulle meestal maar net die kennis oorgeneem wat hulle weer geleer is deur dié wat hulself net so fanaties onfeilbaar beskou. En geeneen van hulle het daaroor nagedink hoe God Homself dan teenoor diegene opstel wat nie aan hulle geestelike inrigting behoort nie.

**Solank die liefde tot God en tot die naaste en die werk van verlossing van JaHshua Messias** aan 'n geestelike rigting ten grondslag lê, kan ook uit hierdie geestelike inrigting ware Christene voortkom vir wie ook die lig van die waarheid spoedig sal skyn.

Want word God se gebooie van die liefde vervul in die geloof in Jesus Christus, die goddelike Verlosser, **dan word die mens self aktief** en het hy uit eie beweging toegetree tot die "**gemeenskap van die gelowiges**", **tot die kerk wat JaHshua Messias Self op aarde gestig het**.

En hierdie eie besluit moet elke mens neem, oftewel, die basisgeloof is die vervulling van die gebooie van liefde en solank dit nie in ag geneem word nie, **bevind die mens homself nog buite die kerk van Christus**, buite die waarheid en dit is om te ewe of hy homself dan uitgee as die "enigste ware" en "saligmakende". Geen mens kan die geluksaligheid verwerf deur slegs tot 'n bepaalde geestelike inrigting te **behoort** of deur **handelinge** wat deur hierdie geloofsrigting vereis word nie.

**Eers die ware, onbaatsugtige naasteliefde** - en die daardeur aangetoonde liefde tot God - lei na die geluksaligheid en dit kan in elke geestelike rigting beoefen word. **En dit sal dan ook lei tot die insig in die suiwere waarheid**. Solank daar egter afgebakende gemeentes bestaan, solank elkeen trag om lede vir hulself te wen, wat hulle lidmaatskap moet bewys, deurdat hulle diegene erken wat hulle self onderrig, solank die vryheid van denke by hierdie lede ingekort word, is hulle ook slegs meelopers, **maar geen lewende Christene wat hulself kan reken tot die kerk van Christus nie.**

Maar sodra 'n mens "**lewend**" geword het, wat dus maar net 'n **lewe in liefde** as vereiste het, sal hy ook insien in hoeverre 'n geestelike inrigting aanspraak kan maak op die waarheid. Hy sal dan weliswaar sy medemens beter kan onderrig as die leiers van die geestelike inrigtings, maar hy sal ook nie sy insig kan oordra op sy medemens nie. Veeleer moet hulle aan dieselfde eise voldoen wat tot insig in die suiwere waarheid sal lei:

Ook hy moet eers deur 'n lewe in liefde 'n "lewende" Christen word, want dan sal sy geloof sterk word en dan hoort hy dus tot die **kerk van Christus**, wat Hy Self gebou het op die rots van geloof.

Vir elke denkende mens sou dit duidelik moet wees dat God die saligwording van 'n mens nooit afhanklik sou maak van watter geloofsrigting of geloofsgemeenskap hy ook al aan behoort nie, want slegs die omstandigheid, waarby die mense sonder hulle eie wil, by geboorte in sulke gemeenskappe opgeneem was, sou hulle tog te denke moet gee, vooropgesteld hulle in soverre gelowig is, dat hulle Een God en een bestemming van die mens kan erken.

Vir die ongelowiges is sulke gedagtes nie sonder meer bespreekbaar nie, omdat hulle elke geloofsrigting verwerp. Maar vir diegene wat al te ywerig hulle mening uitdra en steeds weer probeer, as bewys vir die waarheid daarvan, woorde uit die Skrif daarby te betrek, wat hulle egter ook slegs verstandelik uitlê, geld hierdie woorde:

**Dat slegs die liefde die gees in die mens werksaam sal laat word**. Maar die gees sal hulle dan ook volgens die waarheid onderrig. Dan sal ook die verkeerde leerstellings in elke geestelike rigting egter belig word, waarvan die mens homself vry moet maak, indien hy 'n lewende Christen wil wees, 'n aanhanger van die ware "Kerk van Christus", wat **geen uiterlike kenmerk** kan laat sien as slegs die werksaamheid van die goddelike gees nie. Amein.